**Oktober 2016**

Liewe vriende,

Dit is so ‘n eer om saam met julle te verenig in hierdie wêreldwye gebedsbeweging. Julle is ‘n noodsaaklike deel van ons Projek Hanna wêreldwye gebedspan. Julle liefde en gebede is so belangrik vir ons en krities in hierdie tye!

Terwyl ons harte en gedagtes verenig in Oktober, verlang ek dat elkeen van ons in gebed sal oorweeg wat dit beteken om te hunker en dors na God. Om Hom beter te ken, Hom meer te loof, en om na Hom te hardloop om ons hoop en genesing te vind wanneer ons gekrenk is. Om dit te hê wat ons meeste begeer in die lewe om by ons skepper te wees, die maker van ons siel.

Ek glo dat vroue wat hunker na meer van God die wêreld kan beïnvloed vir Jesus. Nietemin, vir ons om hierdie lewe te lei, moet ons vasberade wees om stappe te neem nader aan die dinge van God wat ons siele sal bevredig. Terwyl ons ‘n dieper hunkering na God ontwikkel deur gebed, moet ons plek maak in ons lewens vir meer van God.

Jesus het gesê: “Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word“ (Matteus 5:6). So, hoekom sien ons nie meer van God se mag en teenwoordigheid vandag nie? Die antwoord is eenvoudig: Ons is te vol van dinge wat nie van God is nie.

Ek het myself afgevra, “Is daar dinge in my lewe wat ek vir God moet gee om meer geleentheid te maak vir God se teenwoordigheid en mag? Is ek werklik honger vir meer van God?” Ek het eenmaal ‘n vrou hoor vra, “Hoe word ek ‘n goddelike vrou?” My enigste antwoord was dat ten einde ‘n goddelike vrou te wees, het ons meer van God nodig.

Ons het meer van sy teenwoordigheid en mag in ons lewens nodig. Ons moet hunker en dors na regverdigheid, ‘n regverdiging wat slegs spruit uit ‘n verhouding met Jesus. Wanneer ons hunker na ‘n dieper verhouding, word ons gevul en bevredig.

Die vraag is, “Is jy honger vir meer van God?” Is jy honger genoeg om na God te hardloop en na Hom uit te roep want Hy is jou enigste oplossing vir geestelike sorg en genesing?

Ek verlang om elke dag geestelik honger en dors te wees. Ek vertrou dat jy ook. Laat ons gebede hierdie maand ander inspireer om te hunker na ‘n meer intieme verhouding met God deur ons Here Jesus Christus!

In Hom verbly ons harte,

Peggy Banks
Wêreld-bedienings-direkteur
Projek Hanna